

Die ideale vrou

Hierdie is 'n woord vir alle getroude mans, alle kinders en elke jongman op uitkyk na 'n lewensmaat. Ook vir elke vrou.

Dié Skrifgedeelte is 'n gedig waarvan elke vers begin met 'n letter van die Hebreeuse alfabet – dit is as 't ware die goue ABC van die ideale vrou en tegelyk 'n loflied op die deugsame vrou. As mens die gedig aandagtig deurlees, dan kan gesê word dat jy hier te doen het met 'n volmaakte vrou. Ons weet egter dat niemand van ons volmaak is nie, maar Paulus sê: “Ek jaag daarna (die volmaaktheid) of ek dit kan gryp ...”, dit is jou ideaal, jou inspirasie, “omdat ek ook deur Christus gegryp is” (Fil 3:12).

Waar dit hier in besonder oor die vrou gaan, moet jy weet dat jy alleen dit as jou ideaal kan hê as jy die Here vrees en dien, sê ons teks. Hierop trek die hele gedig saam. 'n Vrou wat die HERE vrees, sal hierdie volmaakte vrou altyd voor oë hou in die wete: “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee” (Fil 4:13).

Spreuke begin (1:7) deur te verwys na *die vrees van die HERE* wat die beginsel van die kennis is en sluit af met die stelling (31:30b) dat *die vrees van die HERE* die knap vrou in staat stel tot al die goeie werke – dit moet jou hele lewe beheers.

Opmerklik dat daar nie in die gedig na hierdie knap, deugsame vrou, wie se waarde ver bo korale is, se uiterlike skoonheid verwys word nie. Haar skoonheid kom van binne, sy dien die Here – haar skoonheid straal na buite deur haar werke, liefde, getrouheid, versorging van haar dierbares, wysheid, vriendelikheid ... want sy vrees die HERE. So 'n vrou vertoon die beeld van haar Verlosser en daarvoor moet sy geprys word deur haar man en kinders en almal wat sy teenkom. Maar sy sal die eerste wees om te getuig dat die eer aan HERE toekom, Hy stel haar in staat tot dit alles, Hy maak haar bekwaam – sy Naam moet geloof en geprys word!

As jy deur Christus verlos is, is Hy in jou en jy in Hom (Joh 14:20) en is jy in staat om hierdie hoë ideaal na te volg, “want sonder My kan julle niks doen nie” (Joh 15:5). Ook ons werke word deur Hom van alle sonde gereinig en dit word voor God 'n volmaakte, welaangename offer.

Sing: Psalm 128:2 (1936)

Ds W de Vos (Emeritus)